# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 27 Augustus 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds Piet Venter**

“Selfbeheersing” is die 9de en laaste aspek van die vrug van die Gees se werk in ons lewe wat Paulus hier noem. “Selfbeheersing” as vernuwende werk van die Gees is baie spesifiek op jou eie innerlike en geestelike lewe gerig. ‘n Mens kan sê dat “selfbeheersing” - as laaste vrug van die Gees - juis die middel (werktuig) is wat die Gees gebruik om al die ander aspekte van Sy werk in ons lewe na vore te laat kom. Selfbeheersing is by uitstek die Geestesgawe waardeur ‘n gelowige se geestelike lewe groei en gevorm word.

Selfbeheersing dui op die vermoë om jouself met ‘n sterk krag te beheer of te regeer of te kontroleer. Jy moet koning oor jouself wees, jouself beheer deur die Heilige Gees wat in jou leef! Ek kan toelaat dat my sondige natuur koning oor my speel, maar dan is ek soos Spreuke se stad sonder ‘n beskermingsmuur! Ek is weerloos teen al my sondige begeertes en dit sal my in ‘n golf van versoekinge oorval!

OF ek kan met selfbeheersing die Gees laat regeer! Wanneer ek myself deur die Gees laat regeer dan voldoen ek aan die salwing in Christus wat my tot koning gemaak het en my die opdrag gegee het om oor die sonde te heers.

**Tema: Wees koning oor jouself deurdat die Heilige Gees jou beheer.**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Sb. 1 - 2: 1, 2, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied Ps. 110 - 3: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Sb. 5 - 3: 1, 2; Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Fokus op die Tiende Gebod; HK Sondag 44; Sing Sb. 5-4: 1, 2, 5, 6; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Spreuke 25: 26 /
Galasiërs 5:19 - 25 /
Efesiërs 2: 1 - 7 /
2 Petrus 1: 3 - 7
Fokusverse: Galasiërs 5: 23 - 24
Sing: Sb. 14 - 3: 1, 4 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing in beurtsang: Sb. 14 - 4: 1 (almal), 2 (srs), 3 (br), 4 (almal); Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing Sb. 14 - 1: 1; Seën; Amenlied Sb 13-2.

**LAASTE KEER OM 17:00 AANDDIENS: Ds. Daan Bakker**

**Tema: Skuld en genade ingebrand agter twee oë.**

Jou liggaam het 'n lamp wat jou hele hart vol lig en blydskap kan maak, of jou hart vol duisternis en hartseer kan maak. Daardie lamp vir jou liggaam is die oog. As jou oog goed is, is jou hele liggaam ook verlig. Maar as jou oog sleg is, is jou hele liggaam ook sonder lig. Pas dus op dat die lig in jou nie donker is nie. [Luk 11:34] Die lamp van Simson se hart, sy oog was vir tye in sy lewe weg van God gerig en op die begeertes van sy eie hart. Die volg van die begeertes van sy eie hart laat hom speel met die geheim agter sy krag nl. sy "nasireër" wees in die diens van God en kos hom op die ou end sy twee oë. Die begeertes van sy oë het die lig in sy hart laat donker word, maar die genade van God was nie klaar met Simson nie. God skenk aan hom die genade om as 'n “nasireër” van God te sterf.

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps. 84 - 2: 1, 2; Ps. 100 - 2: 1, 2, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 190: 1, 2, 3; Votum en Seën; Lofsang: Ps. 2-1: 6; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Rigters 16:4-31;
Teks: Rigters 16:17 en 28
Sing: Ps. 25 - 2: 1, 5; Prediking

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Diens van Barmhartigheid by die deure; Sing Lied 241: 2, 3; Seën;
Sb. 13-3.

**MEELEWING**

- Pieter Potgieter het Donderdag ‘n rugoperasie in Pretoria ondergaan en sal ‘n paar weke daar bly om aan te sterk.
- Gerrie van Deventer was in Medikliniek behandel vir ‘n lewerinfeksie en moet nou tuis aansterk.
- Petri Schutte ondergaan more ‘n knievervangingoperasie in MooiMed Hospitaal.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

**BAIE WELKOM AAN**

Freddie Botha wat opgeneem word in die GKSA. Hy woon in Doornstr. 26, groep 18 en is die verloofde van Sonja Olivier.

## ONS GROET VIR

Oom Hans en tannie Lien Malan wat met attestaat na GK Oos-Londen vertrek. Ons dank die Here vir die mooi gawes wat Hy aan beide van hulle gegee het en waarmee hulle ons gemeente bedien het. Ons bid hulle baie seën toe.

## NAME VAN PERSONE VIR DIENSWERK VAN DIAKENS VOORGEHOU AAN DIE GEMEENTE VIR GOEDKEURING

Nardus van Zyl en Ammi Pelser

## "GRIEFSHARE": ROUVERWERKING-BEDIENINGSPROGRAM

Ons wil een van die dae weer begin met 'n volgende siklus van ons "Griefshare"-program van 13 weke, waarin lidmate weekliks begeleiding ontvang in die verwerking van rou en verlies van 'n geliefde. Ons nooi elke lidmaat wat behoefte hieraan het uit om met ds. Piet te skakel.

Tydens die laaste siklus het ons ook baie gelowiges van buite die gemeente gehad wat aan die program deelgeneem het. Indien jy 'n vriend/in of familielid het wat baat kan vind by die program, kan jy hulle gerus in kennis stel en uitnooi. Enige lid van die gemeenskap is welkom. Ons beplan om hierdie bediening op Sondaemiddae aan te bied, sodat dit toeganklik is vir almal.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie - Huisgeloof toerusting vir kinders en ouers
Tee en koffie
17:00 Aanddiens (Vanaf 10 Sept is aanddienste weer om 18:00)

**Dinsdag**

06:00 Manne-Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8 - 10

**Woensdag**

09:30 Bybelstudie
17:00 Katkisasie gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Trans-Oranje (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Expando.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 14 en 15.

## DIE BYBEL IN AFRIKAANS IS VANDAG 90 JAAR OUD! 27 AUG 1933

Vandag, presies 90 jaar gelede, het die Afrikaanse kerke die eerste Bybel in Afrikaans in gebruik geneem. Om hierdie wonderlike mylpaal so bietjie lewend en in konteks te stel: ons het 5 lidmate in die gemeente wat net so oud en selfs ouer is as die Bybel in Afrikaans! Hulle was 1 - 2 jaar oud toe die eerste Afrikaanse Bybels gelees is:

Nansie de Klerk en Griet du Preez - 92
Yvonne Coetsee en Martje Smits - 91
Alida Huisman - 90

In hulle leeftyd het daar omtrent elke 30 jaar 'n nuwe Afrikaanse vertaling verskyn. Pas vanjaar by die afgelope Sinode 2023 het die

GKSA die derde amptelike Bybelvertaling in Afrikaans goedgekeur naamlik Die Bybel: 2020 vertaling. Ons het dus drie vertalings wat ons naas mekaar kan gebruik.

Maak bietjie tyd vandag en lees die kort oorsig wat die Bybelgenootskap uitgegee het oor hierdie geskiedkundige dag en gebeure. Ouers en grootouers moet ook vir kinders hiervan vertel.

## KINDERFEES 2 - 6 OKT 2023

Ons begin nou volstoom werk aan die voorbereidings vir vanjaar se Kinderfees tydens die Oktober skoolreses. Ons kon met die seën van die Here in die verlede werklik 'n groot impak maak op die gemeenskap van Potchefstroom met die Kinderfees en bid dat dit vanjaar weer die geval sal wees. Behalwe vir die Belydenisklaskatkisante wat hierdeur praktiese ervaring optel, bied dit vir lidmate 'n lekker geleentheid om by 'n uitreikprojek betrokke te wees.



ENIGIEMAND WAT GRAAG BY DIE KINDERFEES BETROKKE WIL RAAK, KONTAK DS. PIET! Daar is geleentheid om te help as groepleier, met bou en oprig van toerusting, kosmaak vir die kinders, daaglikse ontvangs en inskrywing van die kinders, ens. Skakel ds. Piet sou gou as moontlik sodat julle betyds by al die opleidingsgeleenthede betrokke kan raak.

Ons bid vir die Kinderfees Diensgroep onder leiding van Engela van der Walt en Nicolette Visser baie sterkte toe.

## OORSIG OOR DIE REEKS OOR DIE HEILIGE GEES

Johannes 15: 5
Christus is die ware wingerdstok en ons moet in Hom bly sodat ons baie vrugte vir God kan dra.
Johannes 15: 1
God (die Boer) het vir Homself 'n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra.
Johannes 16: 5 - 7 en Gal. 5: 25
Ons dra vrugte vir God wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei!
Galasiërs 5: 13 - 26
Die eerste vrug van die Gees: om God se **liefde** vir ander mense te gee.
Johannes 16: 16 - 24 en Romeine 5: 1 - 11
Die tweede vrug van die Gees is om ware lewens**vreugde** in die Here te hê.
Handelinge 2: 1 - 21; Filippense 4: 2 - 9
Die derde vrug wat die Gees in my werk is dat die **vrede** van my herstelde verhouding met God my lewe vul en en my tot 'n vredemaker verander.
Eks 34: 4 - 10 / Efes. 4: 1 - 6 / Kol. 3: 12 - 14 en Gal. 5: 22
Die vierde vrug van die Gees is dat Hy jou herinner aan God se **geduld** met jou sodat jy ook geduldig is.
Lukas 6: 27 - 36 / Titus 3: 3 - 7 en Gal. 5: 22
Die vyfde vrug van die Gees: Christus is die "**Vriendelikheid"** van God waarmee Hy my kom dien het sodat die Gees 'n vriendelike, sagte aanvoeling van diens aan ander in my kom werk.

Die <u>sesde</u> vrug van die Gees: God vul ons oorvloedig in Christus en die Gees sodat ons met **goedhartige** oorvloed kan uitdeel.
Die <u>sewende</u> vrug van die Gees: Om **getrouheid** aan God en **betroubaarheid** teenoor mense in ons lewens vas te lê.
Die <u>agtste</u> vrug van die Gees: om jou met **sagmoedige hart** aan God se wil vir jou lewe te onderwerp en ander met sagmoedige woorde te lei om dit ook te doen.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 27 Augustus**
Sr Stephanie Bredenhann
Br Barend Pretorius
Br Hendrico v Rooyen
Sr Meisie v Wyk *
Br Marius Vermeulen

**Maandag, 28 Augustus**
Sr Annari Schutte

**Donderdag, 31 Augustus**
Br Jacques du Plessis
Sr Fransien vd Walt *

**Vrydag, 1 September**
Br Nico Alberts
Br Theo Coetzee
Br Aldru Opperman
Jsr Anke v Jaarsveld

**Saterdag, 2 September**
Sr Lu Erasmus
Jbr Logan Havenga
Jbr Revan v Niekerk

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## DATUM OM TE ONTHOU!

**DANKBAARHEIDSFEES - 28 OKTOBER**




Die Diakonie nooi die hele gemeente nou reeds uit na 'n heerlike fees, Saterdag 28 Oktober!
Ete sal vroeg gereed wees om nie in te meng met rugby-tyd nie!

Soos vorige jare benodig ons weer skenkings, skakel Riaan vd Walt (082 784 9215) as jy hiermee kan help.

## KENNISGEWINGBORD

- Tuinwoonstel te huur: Kontak Pieter de Villiers 082 366 0446
- Debieteur- en Krediteure klerkpos - deeltyds.



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mariana Plotz en groep 21, Anelle Venter en groep 29, asook Marie du Plessis en groep 30.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

CANSA
Research • Educate • Support

*Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.*

## NAGMAALETE:  17 SEPTEMBER



Anna Smith en die susters van Blok B herinner u dat ons op 17 September 'n heerlike nagmaalete het! Hou hierdie datum reeds oop vir 'n piekniek buite onder die bome. Hulle benodig 'n hele paar gazebo's. Indien iemand daarmee kan help, skakel asb. die kerkkantoor.

## KWARTAALPROGRAM

| DERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 10-Sep | Sondag | 19:00 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 17-Sep | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| 26-Sep | Dinsdag | 18:30 | Blok C | Potch-Oos Sustersafsluiting |
| 2-6 Okt | Week | 10:00 en 12:00 | Almal | Kinderfees |


## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN  DIE WEEK!

**HEERLIKE SUSHI en meer!**

Charity Kham (ons spreker by die sustersvergadering vroeër vanjaar) en haar man Sai Moon het 'n spesiale aanbod hierdie week voor hulle op 6 September teruggaan na Myanmar.   (Ander bestellings kan ook geplaas word.)  Ondersteun hulle asb.!

| **FRESH SUSHI, SPRINGROLLS AND CHOW MEIN FOR SALE** | **PRICES** |
|---|---|
| We want to sale two days. Sushi on 29th and chow mein and springrolls on 31st. Please order one day before.<br><br>* Sushi (on 29th August)<br>#please pick up at 4-5 pm<br><br>* Chaw mein (beef) and Springrolls (on 31st Aug)<br># please pick up at 4-5 pm. | **Sushi:** Mix combo (16 pieces)= R130.<br><br>**Chow mein**: (beef)= R50<br><br>**Springrolls** (R10 each),<br>6 pieces for R50<br>- Beef<br>- Chicken<br>- Cheese<br>- Prawn and crabstick<br>- Vegi |

Order by whatapp from Charity 0620037255
and collect the order at ours YWAM address, 60 Parys Ave.



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

**1. Erediens Kinderblad**

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

**2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste**

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |